Tema: Moenie bang wees nie want God is teenwoordig in ons krisistye! Vertrou op Hom en kyk hoe Hy die uitkoms van die krisis bepaal.

GEBED

SKRIFLESING: 2 KRONIEKE 20: 1 - 30
teksverse: 15 - 18

PREEK

GEBED

Herinnering aan liefdegawes – Zapper of eft inbetalings – kyk in die Dienelkander – die bankbesonderhede is daar

Maak kontak met mekaar en ons ouderlinge en diakens moet seker maak dat ons kwesbare lidmate in hierdie tyd die nodige ondersteuning het.

Kom ons sluit af met hierdie gebed: Mag die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God ons Vader en die troosvolle inwoning van die Heilige Gees met ons almal wees. Amen

Geliefde brs en srs en kinders

Ek dink ons almal weet dat die situasie waarin ons ons bevind is regtig benard. Hierdie grendelstaat het ’n geweldige impak op ons land en al ons mense! Die impak is op sovele vlakke dat ’n mens nie eers alles met een asem kan noem nie. Die grootste hiervan is seker die mense wat siek word en sterf en families wat daarmee moet saamleef. Die geweldige impak op ons mediese hulpbronne is iets wat katastrofies kan word.

Die ekonomiese verliese wat ons land ervaar is enorm en daarmee saam baie van ons mense wat van besighede afhanklik is wat nou gesluit moet wees en nie inkomste kan verdien nie. Werkgewers wat salarisse sny om te probeer oorleef. Die sosiaal-maatskaplike impak sal nog duidelik word soos die dae aangaan en die grendelstaat dalk nog verleng gaan word.

Br. en sr, net soos na die Tweede Wêreldoorlog en die 911- aanvalle op Amerika vra baie mense ook nou die vraag: **Waar is God as dit met my sleg gaan? Hoekom hierdie krisis en waar is die Here as mens Hom nodig het. Is hierdie virus van die Here wat iets vir die mensdom wil sê! Is dit straf of is die ’n wekroep tot bekering. Mense wil graag sin maak uit die gebeure en God se aandeel daarin.**

Ongelukkig sien die meeste mense altyd net die negatiewe kant van sake raak en wil eerder glo dat God afwesig is midde in so ’n krisis as om te glo dat God aktief en teenwoordig is. Hoe kan God toelaat dat so iets met die wêreld gebeur – is ’n vraag wat baie gevra word.

Geliefde gemeente, ons kan nie al hierdie moeilike vrae in een oordenking beantwoord nie maar ons teksgedeelte wil juis vandag vir ons wys op welke wonderlike wyse God wel by ons betrokke is wanneer ons in ’n krisis beland.

As iemand dus vra: waar is God in ons krisis? Dan kan ons met sekerheid en vaste geloof antwoord: God is teenwoordig en Hy is hard aan die werk midde ons krisis! Dit blyk baie duidelik uit die geskiedenis wat ons gelees het in 2 Kron. 20 en kan ons die boodskap van ons teksverse so saamvat:

Brs. en srs, Moenie bang wees nie want God is teenwoordig in ons krisistye! Vertrou op Hom en kyk hoe Hy die uitkoms van die krisis bepaal. S**ien die hand van die Here raak in jou tye van nood en vertrou op Hom – Hy sal die uitslag van die krisis bepaal.**

Kom ons kyk hoe hierdie boodskap ontvou in die geskiedenis van koning Josafat.

Hy was ’n Godvresende en ook ’n baie goeie koning. Toe hy die berig ontvang dat drie konings besig is om teen hom op te trek, het Josafat baie bang geword. Dit was nie asof Josafat nie die vermoë gehad het om teen hulle op te trek nie. Ons lees in hoofstuk 17 hoe hy ’n baie sterk weermag gehad het en militêr goed georganiseerd was. Hy het ook vantevore goeie veldslae gehad en oorwin.

Maar Josafat het geweet dat Hy nie teen hierdie oormag **sonder God staande** sou kon bly nie. Hierdie aanslag was vir hom ’n groot krisis**. En dan doen hy wat elke gelowige in sy of haar krisisuur behoort te doen. Hy vra die Here se hulp.** As koning roep hy ’n vasdag in Juda uit en die volk kom in Jerusalem bymekaar om tot die Here te bid.
Hulle los alles om te bid. Hulle weet : net die Here kan help.

Josafat gaan by die tempel voor in gebed.

Uit Josafat gebed, br. en sr, leer ons die eerste ding wat ons in krisistye moet weet, nl.: dat God in beheer bly van alle gebeure. Ook van die krisisse in ons lewens. Die duiwel of een of ander bose menslike mag is nie in beheer nie! Nee, God bly in beheer. So in beheer dat Hy die duiwel ook **toelaat om bose dinge te doen** – slegte dinge wat God dan vir sy kinders tot hulle beswil beskik.

Dinge soos wat nou in die wêreld gebeur! **God is in beheer en Hy laat toe dat dit gebeur, maar Hy rig die gevolge daarvan vir elkeen van ons persoonlik tot voordeel. Wát Hy wil bereik, is nie altyd vir ons dadelik sigbaar nie – maar ons weet dat Hy as ons Vader net die goeie daardeur vir ons wil gee! Al is dit krisis ook hoe skrikwekkend!**

Br. en srs. hierdie wete dien tot ’n **geweldige troos** vir ons as sy kinders. Hierdie wete hou in dat God ons **nooit bo ons kragte sal beproef nie, dat Hy ons in alles staande sal hou**. **<u>En dit is op hierdie beloftes van die Here waarop Josafat hom beroep</u>**. Hy dink in sy gebed terug aan die **verlede:** hoe die Here sy volk gered en bewaar het en Josafat weet: die Here sal dit weer doen – daarom vra Hy die Here om hulp – al lyk die uitkoms hoe onmoontlik.

Geliefdes, moenie paniekerig word as hierdie viruskrisis dinge in jou lewe skeef laat loop nie. Moenie dat vrees en angs jou lam maak nie – wend jou tot die Here, bid sonder ophou vir sy ingrepe, sy hulp en beskerming en stel jou vertroue volkome op die Here – en Kyk dan hoe Hy die uitkoms bepaal. Want die Here sal jou nie teleurstel nie.

Dit was ook die antwoord op Josafat se gebed.
Jagasiël, ’n Leviet, ontvang die antwoord van die Here: Moenie bang wees nie, die Here sal vir julle veg, julle kan maar net kyk hoe God vir julle die oorwinning sal behaal. *Ja, God is teenwoordig in julle krisis en Hy sal julle help – julle moet net op Hom vertrou.*

En wat ’n toets vir hulle vertroue was dit nie? In die eerste plek kom die boodskap ongewoon by monde van ’n Leviet en nie ’n erkende profeet nie, maar die volk moes dit aanvaar en daarin glo. In die tweede plek: Hoe maak ’n mens jou gereed vir ’n geveg met die opdrag dat jy nie hoef te veg nie? ’n Mens kan jou indink hoe onseker en bang die volk moes wees. Ons moet na die front, maar ons gaan nie veg nie? Kan ons die Here vertrou? Hoe sal die Here so ’n oorwinning kan bewerk sonder soldate wat veg?

En toe die dag van konfrontasie aanbreek, **laat hulle die koorsangers in hulle tempelkoorklere voor die soldate aantree**. Koorsangers voor die soldate? Baie onwaarskynlik dat God op so ’n wyse iets kan doen. Maar die oomblik as die sangers Psalm 136 begin sing, dan bewerk die Here op onbegryplike wyse verwarring onder die aanvallers en hulle begin om mekaar aan te val en uit te wis.

En wanneer Josafat by die uitkyktoring kom, dan sien hy net die lyke van sy vyande**. God het vir sy volk geveg en Hy het vir hulle die oorwinning behaal! In hulle oomblik van krisis was God teenwoordig en het Hy sy volk bewaar!**

Dit, brs. en srs., is die Here se betrokkenheid by ons in ons oomblikke van nood en krisis. Hy is teenwoordig – miskien vir ons op onwaarskynlike en onmoontlike maniere – maar Hy

is daar. Hy bepaal die uitkoms van die stryd en daarin moet ons vertrou! HY veg vir sy kinders. Hulle moes maar net bid , vertrou en staan en toekyk hoe Hy vir hulle veg.

Br. en sr. daar was nog ’n geveg wat - volgens die woorde van ons teks “nie ’n geveg vir mense was nie - maar vir God” Daar was nog ’n keer wat mense net kon staan en toekyk hoe God vir ons die geveg moes wen. ’n Klein klompie dissipels en vroue – en ja – ook ek en jy in ons sonde - staan hulpeloos by **die kruis op Golgota en toekyk hoe Christus vir ons die straf dra.** Hoe Hy die oordeel van God vir ons dra sodat ons vrede met God kan hê en vandag die versekering kan hê dat God aan ons kant is – ook in tye van nood en beproewing.

Geliefdes, op grond van die oorwinning wat Christus vir ons behaal het en die feit dat die Heilige Gees in ons woon, **kom ons kyk met ander oë na krisisse in ons wêreld en ook in ons eie lewe en sien God se hand raak.** Moenie twyfel in Sy positiewe teenwoordigheid nie en stel jou vertroue geheel op Hom – Hy sal vir jou veg. Kom ons wees minder pessimisties oor God se optrede en luister positief na die leiding van die Heilige Gees wat ons meer en meer wil oortuig van wat die Here kan en wil doen.

Hierdie perspektief bring ten slotte ook by ons ’n **nuwe lewensuitkyk**. Dit bring by die gelowige vreugde en blydskap – selfs te midde van beproewing. Die volk kon na die aanskoue van God se oorwinning vir hulle nie anders as om in lof en dankgesange uit te breek nie. **Die gevegsfront word herdoop na “Lofdal” omdat hulle God daar geloof het vir sy oorwinning.**

Kom ons verander dan ook ons grendelstaat na “Lofdal” Dat ons ook nou die Here kan loof en prys – want Hy is hier. Dat ons soos Sondag 10 ons leer: **i**n voorspoed en teenspoed – dankbaar bly omdat ons God se hand in ons lewe raaksien. Dat ons Hom soek in ons krisisse en aanskou hoe Hy vir ons veg en die uitkoms bepaal.

Ja, die Here is hier teenwoordig in ons grendelstaat! Hy is nou ook teenwoordig in jou lewe, gaan na Hom, vra biddend vir sy hulp! Vertrou Hom - Hy sal vir jou die uitkoms bepaal.

Amen